

## **Lief en Leed**

Kobus Keyter (vroeër van ons Gemeente) Daar is 'n geringe beterskap, hy het weer begin praat. Hou steeds vir hom en Ains asb.

Ons dink steeds aan Louise en Jurie Human.

Pieter Baard het allerande nagevolge, moontlik a.g.v. medikasie. Dit stel geweldig baie eise aan hom en Magda. Bid asb. vir hulle vir krag.

Ons vra steeds voorbidding vir Jock en Sharon Allison. Mag die Here hulle versterk en toerus met die nodige krag om deur die tyd te gaan.

Ons bid vir al die verswaktes en siekes in Rusoord. Vra asb. dat God Sy hand oor hulle sal hou.

Dawina Zaayman is tuis. Almal is saam dankbaar oor die vordering na die breinoperasie.

Jeanette Kalp is steeds onder behandeling, hou haar en haar gesin asb. steeds in u gebede.

Sakkie Jacobs is verswak en het jul gebede nodig. Bid ook vir Helena dat sy kan volhard met sy versorging.

Andriethe v d Berg is opgeneem in die sorgsentrum by Protea Oord.

Jopie Kruger is Vrydagoggend begrawe. Baie dankie vir almal wat ondersteuning gegee het.

Gert Rall het geval. Ons bid dat die Here vir hom goeie gesondheid sal gee en spoedig beter sal voel. Hy is vir ons baie kosbaar.

Mare-Elize se Stiefdogter het tragies gesterf a.g.v. 'n klip wat van 'n brug deur die voorruit gegooi is, ons bid vir hulle as 'n familie dat hulle die troos van die Here sal ervaar.

# **Die Aankondiger !**

**EREDIENS: 23 November 2014 om 9:00**

**Prediker: Ds. Gideon du Toit**

**Skriflesing: 1 Pet.. 2:1-10**

**Tema: Kom na Hom toe ....  
Laat julle as lewende stene opbou!**

**Liedere: 453:1,2,3; 340: 1,2,3  
393:1,4; 267: 1,2,3,4  
478: 1,2,3**

**Rusoord: 17:00 Jeug: 18:00**



### **GEDAGTE VIR DIE WEEK**

Here, leer ons om te aanvaar dat u liefde vir ons 'n realiteit is en dat niks en niemand ons daarvan kan skei nie. (Rom 8:38-39)

### **GEBEDSVERSOEKE**

Paulus skryf aan die Korinthiërs - en aan ons - die volgende: God is die Vader van meeewing, die God wat in elke omstandigheid moed gee. In al ons swaarkry bemoedig Hy ons en stel ons in staat om mense by te staan met dieselfde bemoediging waarmee God ons versterk het. (2Korinthiërs1:3-4)

Ons bid vanoggend vir SA se teologiese fakulteite en die opleiding wat toekomstige leraars daar ontvang. Mag die Here self die student voorberei vir hulle belangrike take in Sy koninkrykswerk. Ons bid ook vir Veritas Kollege en die belangrike werk wat hulle in verskeie lande verrig om kerkleiers op te lei. Hulle kursusse is nou ook in Frans vertaal.

Op Vrydag 28 November word 6 skole aangekla, omdat hulle Christelike byeenkomste hou. Laat ons intree vir hierdie belangrike toetsaak wat verreikende gevolge sal hê. Ons bid vir insig by die prokureurs en vir die regter se beslissing. Lig-tydskrif roep ouers op om weer met huisgodsdienste te begin, aangesien die skole al hoe minder Byblelonderig kan gee.

Ons bid ook vir die jeugwerk in ons Gemeente en ander plaaslike gemeentes. Mag ons kinders en jongmense in gelowiges se lewens sien dat ons 'n verhouding met die lewende Jesus, ons Verlosser en Vriend, het. Soos gesê word: "Not religion, but relationship."

### **ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3**

*Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.*

**Die gemeente is betrokke by Huis Gideon wat pleegsorg bied aan kinders.**

## *Kennisgewingbord*

**Bruingeld R8489.00** is vanaf 21/11/2012 al ingesamel Baie dankie!

### **Gesoek:**

'n Oefenfiets wat geskenk kan word aan 'n serebraal gestremde seun van 13jaar, om te help om sy beenspiere te oefen. Indien u kan help, kontak asseblief vir Anna Rautenbach by 083 417 6925.

### **Transoranje Kersmark 2014.**

Ons bied vanjaar weer ons unieke en welbekende Kersmark vanaf 21 – 30 Nov 2014 by die Tshwane Event Centre (Pretoria Skougronde) Saal L aan. Bykans 300 uitstallers is gekeur en hierdie Kersmark beloof om alle voriges te oortref! Die Kersmark is bekend vir die hoë gehalte en groot verskeidenheid items wat aangebied word.

Transoranje Skool vir Dowes voorsien tans onderrig en opvoeding aan 203 dowe leerders. Alhoewel die skool 'n subsidie vanaf die Gauteng Departement van Onderwys ontvang is ons steeds afhanklik van donasies, skenkings en fondsinsamelingsprojekte om in al die behoeftes te kan voorsien. Ons jaarlikse Kersmark is dan ook ons grootste fondsinsameling wat uiters noodsaaklik is.

### **BYBELSTUDIEGROEPE :**

Maandag	15:00	Parkdal	Dinsdag	09:00	Noorde
				10:00	La Vie
Woensdag	09:00	Parkrand	Donderdag	09:00	Dienssentrum
	10:00	Tiny Krige		10:00	La Borie
	10:00	Lofdal		11:00	Protea

**Manne by die kerk** - Saterdagoggend 6:30

**Baie geluk aan almal wat verjaar: 23 November tot 29 November**

Jeanré	Bester	11/23	0826518184	
Engela	Nieuwoudt	11/23	0832930772	27842070263
Jóbert	Viljoen	11/23		
Berry	Olivier	11/24		27845270088
Daan	Kilian	11/25	0126676929	27834421250
Babs	Momberg	11/25	664 7565	
Linda	Swarts	11/26	664 4326	
Nellie	Louw	11/27	664 2007	27833949783
MELANIE	Van Aarde	11/27		27716856361
Zander	Van Zyl	11/27	664 0123	

**Onthou asseblief vanaand tree Jubilaté Koor hier by ons op om 18:00. Almal is welkom en na die tyd is daar koek en tee.**

**Volgende Sondag 30/11 is ook 'n Sangdiens. Kom geniet dié ook saam met ons.**